DAG 28

Salf vir jou oë

Lees Openbaring 3:14-22.

…en koop oogsalf om aan julle oë te smeer sodat julle kan sien (v. 18).

Op die eiland Patmos wys die Here vir die apostel Johannes in 'n visioen die toestand van die kerk. Hierdie gemeente in Laodisia word deur die Here aangespreek omdat hulle so vol van hulleself geraak het dat hulle God nie meer raakgesien het nie. Daarom raai die Here hulle aan om salf van Hom te kry vir hulle oë, sodat hulle geestelik kan sien.

Hulle was baie selftevrede en het gedink dat hulle alles het wat hulle nodig het. Maar die Here klop aan hulle deur. As iemand die deur sou oopmaak, sal Hy inkom en saam met hulle maaltyd hou. 'n Maaltyd praat van intieme interaksie en van harte wat oopmaak vir mekaar.

Die Here wil dat die salwing van sy Gees jou oë sal oopmaak om te sien dat daar dieper dinge is waarin jy ook nog kan deel. Hy weet dat daar in

die laaste dae mense sal wees wat meer intens sal fokus op die genot van die lewe as op Hom. Daar moet by ons 'n verlange wees na die Here. Ons durf Hom nooit uit die oog verloor nie. Hy is die bron van ons lewe en jy moet jou oë salf sodat jy Hom kan sien, elke oomblik, elke dag.

Here, salf my oë dat ek U kan sien en in intieme gemeenskap met U kan leef.

Aantekeninge: